# KOERSVAS

Jaargang 9 Uitgawe 191 18 Junie 2021





In hierdie uitgawe:


Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


## REDAKSIONEEL

**Glybaan na die absurde.**

Die meerderheid van die bevolking het op 16 Junie Jeugdag gevier, ter herinnering aan die Soweto opstande van 1976. Die agtergrond tot die studente-opstand van 1976 is iets waaraan ons konstant herinner word. Woensdag het ons mense Konsentrasiekamp-dag gevier.

Waarom vier ons konsentrasiekamp-dag?

Met die val van Bloemfontein in Mei 1900 het Lord Roberts 'n proklamasie uitgevaardig wat enige burgers wat hulself sou oorgee, tot beskermde burgers sou verklaar. Hy het gehoop dit sal die oorlog tot 'n einde laat kom. Dit het nie gebeur nie. Op 16 Junie 1900 het lord Roberts die bevel proklameer wat sou uitloop op die Verskroeide Aarde beleid. Hy het naamlik bepaal dat die opstal naaste aan enige treinspoor of stasie wat opgeblaas word, afgebrand sou word. in September het hy toe bepaal dat die opstalle binne 'n tien myl (16 km) radius van die sabotasie verbrand sal word en die vee en oeste vernietig sou word. Uiteindelik sou ongeveer 30000 opstalle afgebrand word. In November 1900 het Kitchener oorgeneem en is die Roberts-reëlings gebruik as fondasie vir die Verskroeide Aarde beleid. Aanvanklik is kampe opgerig vir vlugtelinge wat hulself aan die Engelse oorgegee het. Gou het die vlugtelingkampe verword tot strafkampe waarheen manne, vroue en kinders teen hulle wil, in treintrokke vir goedere en vee bedoel, vervoer is. Daar is hulle aangehou sodat hulle nie die burgers in hulle guerrilla oorlogvoering kon bystaan nie. Aanvanklik was daar rantsoene en straf-rantsoene, maar gou is almal oor dieselfde wreedaardige kam geskeer omdat sewe in tien van die kampe se inwoners die sogenaamde *'undesirables'* was. Daar is by benadering 4200 vroue, 22074 kinders onder sestien, 1676 mans te oud vir kommando en 20000 swartmense vermoor deur die omstandighede so haglik moontlik te maak. Wanvoeding en swak higiëne het die doodsengel vrye teuels gegee in hierdie kampe wat deur die Britte opgerig is.

Na die oorlog was alles vernietig. Boere het met skepe en uit die veld tuisgekom, net om murasies en vee skedels daar te vind. Geduldig, gelowig het die Boere volk weer opgebou.

Die patroon wat in die konflik en ontstaan van konsentrasiekampe gemanifesteer het, is bykans 'n ongepubliseerde bloudruk vir die spiraal van mensvernietiging. Daar

is talle voorbeelde: Die Nazi's se verhaal van Jode vermoor, die Russe se geskiedenis van eie mense vermoor in die Gulags (arbeidskampe), Sun Yat-sen en die Sjinese se vernietiging van teenstanders tydens die kommunistiese revolusie, die Kubane se 'suiwering' deur onder andere Fidel Castro en Che Guevara, Pol Pot se volksmoord in Kambodja. Dit begin klein en lyk skadeloos, maar bitter gou spiraal dit in die donker dieptes van 'erger' in. "Erger" is 'n baie slegte en diep - bodemlose - put wat ons moet vermy.

Die oppervlakkige van hierdie bose spirale toon ooreenkomste. Die stel van een party teenoor die self - maak van een groep die 'ander-mense'. Regverdig dan hierdie skeiding op grond van iets soos geloof, ras, taal of geskiedenis. Ontwapen die teenparty. Ontmagtig die 'hulle'. Verneder hulle en laat hulle skaam kry. Nie net kan hulle dan nie weerstand bied nie, hulle werk saam en die vernietiging lyk geregverdig.

Ons het as volk dit in eie huis en haard ervaar. Ons kan almal verwys na 'n voorsaat wat alles verloor het. Te midde van baie foute in die tydperk 1948-1994 het hierdie spiraal nooit ontstaan nie. Die verpolitiseerde viering van Jeugdag het nou egter simbool geword van 'n maalkolk van vernietiging wat ons bestaan bedreig. Die kerke word gebruik om mense skaam te maak vir hulle eie verlede en bestaan. Die media bombardeer die blanke telkens met verwyte en 'n verlede wat donkerder geteken word as wat dit was.

Wetgewing word ingedien wat ons van alle eiendom sal ontneem, ons totaal aan die staat sal uitlewer. Wetgewing word ingedien wat ons totaal sal ontwapen. Ons durf nie beswaar aanteken teen die blatante rassisme van regstellende aksie nie. Kla ons, word ons beskuldig van rassisme, die ondersteuning van apartheid en die kleef aan blanke bevoorregting.

Die gesuis van die vernietigende maalkolk weergalm in ons ore. Ons moet waak, daardie versnellende spiraal wat ons sal intrek na die absurde van selfkastyding vernietiging, is meer as net 'n kolletjie op die horison.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### LEWENSBROOD DAGSTUKKIES 2022

Die keerdatum vir die indiening van 2022 se Lewensbrood dagstukkies is verstreke. Baie dankie aan al die predikante wat tot op datum hul dagstukkies deurgestuur het. Dit het gehelp om die proses aan die gang te sit.

Ongelukkig is daar nog dagstukkies uitstaande en langs hierdie weg in Koersvas, wil ons die predikante wat nog nie hul deel gedoen het nie, egter baie mooi vra om so spoedig moontlik hul dagstukkies te skryf en dit deur te stuur aan Ella by ella@geloofsbond.org.za.

U almal se samewerking om van die Lewensbrood ‘n goeie gehalte, hoë kwaliteit produk te maak, word benodig.

### DIE BONDSVERGADERING

Die Bondsvergadering te Stilfontein wat beplan is vir 12-14 September 2021 gaan voort. Die Skriba het reeds die relevante dokumentasie aan gemeentes gestuur. Kerkrade moet die afgevaardigdes nomineer en die Geloofsbrief en mandaat invul. Geloofsbriewe, mandate, verslae en beskrywingspunte moet teen **25 Junie** by die Skriba ingedien wees.

U word daaraan herinner dat die mandate verwys na die finansies en slegs dit wat op die Agenda geplaas word.

**BONDSDAMES PROJEK**

Die dames samel jaarliks geld in vir die befondsing van die GHG se teologiese opleiding. Die volgende word nou aan almal bekend gestel:

Kwilt: 2021



Koningin grootte (2450 x 2450 )

Tema: Nostalgie

Alle lootjie lyste moet op die 30ste Junie 2021 ingehandig wees by Alida van Wyk

Lootjie lyste kan in geskandeer word en ge-epos word na vanwyka@mweb.co.za

Gelde t.o.v. die lootjies, moet inbetaal word in die Geloofsbond se rekening. Gebruik verwysing Kwilt 2021

Bewys van betaling moet ook aan Alida van Wyk gestuur word.

Bankbesonderhede: Gebruik Kwilt 2021 as verwysing

**Geloofsbond van Hervormde Gemeentes**

**Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)**

**Rekeningnommer: 6243 092 3088**

**Tak: Pretoria-Noord**

**Takkode: 250 655**

Vir verdere navrae kan Alida van Wyk van Wes-Rand gemeente gekontak word.

Loopfoon: 083 680 5121

Vonkpos: vanwyka@mweb.co.za

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com
- 

# *Maak 'n donasie van R100-00 en staan 'n kans om een van drie Jagpakette te wen*





***1ste Prys:***

*1 x Blouwildebeesbul, 1 x Rooibokram, 1 x Blesbokram*
*Twee aande se verblyf ingesluit. Eie kos en drinkgoed.*

***2de Prys:***

*1 x Rooibokram, 1 x Blesbokram*
*Een aand se verblyf ingesluit. Eie kos en drinkgoed.*

***3de Prys:***

*1 x Rooibokram*
*Geen verblyf, een dag se jag.*

**Indien daar nie 'n minimum van 250 kaartjies verkoop nie, behou die organiseerders hulle die reg voor om die kompetisie te kanselleer. In daardie geval sal daar by die aanbied van hierdie kaartjie R100 terugbetaal word.**



**Jagter is self verantwoordelik vir die verwerking van sy vleis.**



**Die verblyf is ingesluit. Dit is 'n selfsorgeenheid. Eie kos en drinkgoed.**

| | |
|---|---|
| **1ste** | **Prys limiet 4 persone** |
| **2de** | **Prys limiet 4 persone** |
| **3de** | **Prys limiet 2 persone** |

**Wenners sal aangekondig word op die kerk se webblad, asook persoonlik gekontak word.**

*Trekking:*
*22 Augustus 2021*

*Kontak Jan Erasmus*
*vir verdere besonderhede by*
*082 768 5686*